Geagte Kliënte

Ons stel u graag in kennis van die aankondiging wat op Maandag, 23 Augustus 2010, deur Nedbank Groep se meerderheidsaandeelhouer, Old Mutual plc, gedoen is.

Old Mutual het aangekondig dat hy 'n voorstel van HSBC, een van die grootste globale banke, ontvang het, ingevolge waarvan HSBC moontlik 'n beherende aandelebesit in Nedbank Groep kan verkry. Die voorstel is onderworpe aan 'n aantal regulerings- en ander voorwaardes, wat, indien dit vervul word, tot gevolg kan hê dat HSBC 'n gedeeltelike aanbod aan Nedbank Groep-aandeelhouers doen. Hierdie aanbod sal die verkryging van Old Mutual se hele belang of 'n deel daarvan insluit en kan moontlik 'n verandering in die beherende aandeelhouer van Nedbank Groep tot gevolg hê.

Nedbank Groep het die volgende mediavrystelling uitgereik, waarin meer besonderhede van die voorgestelde transaksie verstrek word:

Nedbank Groep se meerderheidsaandeelhouer, Londen-genoteerde Old Mutual plc, het vandag (23 Augustus 2010) aangekondig dat hy 'n voorstel van HSBC, een van die grootste en mees gerespekteerde globale bankorganisasies, ontvang het om 'n beherende aandelebesit in Nedbank Groep te verkry.

HSBC is die nommer een globale bankhandelsnaam en die vierde grootste globale bankgroep, met 'n markkapitalisasie van $170 biljoen (R1,3 triljoen).

Indien die voorgestelde transaksie voortgaan, sal Nedbank Groep op JSE Beperk en die Namibiese Effektebeurs genoteer bly.

Volgens Nedbank Groep Voorsitter, dr Reuel Khoza, was Old Mutual, wat 'n 53%-belang het, 'n ondersteunende moedermaatskappy en saam het die maatskappye tot die groei in hulle onderskeie besighede bygedra.

'Vroeër vanjaar het Old Mutual 'n strategieverandering aangekondig om 'n langtermynspaar-beskerming-en-beleggingsgroep te bou. Dit het daartoe gelei dat Old Mutual verskeie van sy beleggings wat moontlik nie met sy nuwe visie en strategie strook nie, insluitende die belegging in Nedbank Groep, in heroënskou geneem het' sê hy. Daarbenewens glo Old Mutual dat die voorgestelde transaksie talle voordele vir Suid-Afrika inhou.

Volgens Hoof Uitvoerende Beampte, Mike Brown, het Nedbank Groep 'n stewige platform gebou, van waar hy kan groei en sy kliënte kan bedien. 'Ons visie is om Afrika se mees bewonderingswaardige

bank te bou deur strategies op gebiede met stewige ekonomiese winspotensiaal in Suid-Afrika en in Afrika te fokus.

'Ons glo dat 'n sterk internasionale bankvennoot die verwesenliking van ons visie kan bespoedig. 'n Globale bank as 'n beherende aandeelhouer kan toegang tot finansiële, tegniese en bedryfsteun bied ten einde ons mededingingsposisie in Suid-Afrika en op die groter Afrika-kontinent tot voordeel van al sy belanghebbers, insluitende werknemers, kliënte en beleggers, te verbeter,' sê hy.

Die transaksie is onderworpe aan 'n kontroleringsproses en reguleringsgoedkeurings, insluitende dié van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Minister van Finansies. Volgens Dr Khoza is die vermoë van Suid-Afrikaanse reguleerders om die stabiliteit van Suid-Afrikaanse banke en die bankstelsel as 'n geheel te verseker, 'n bewese feit.

Daar is aan HSBC 'n tydperk van eksklusiwiteit deur Old Mutual toegestaan om 'n kontroleringstudie te doen. Ná hierdie proses kan HSBC Nedbank Groep se direksie nader om 'n gedeeltelike aanbod aan al Nedbank Groep se aandeelhouers (insluitende Old Mutual) te doen om beheer van Nedbank Groep te verkry.

Volgens Dr Khoza het Nedbank Groep 'n sterk en onafhanklike direksie om hom deur die voorgestelde transaksie te lei.

'Die direksie en bestuur glo dat om 'n groot globale bankgroep as beherende aandeelhouer te hê in die beste langtermynbelang van Nedbank Groep en al sy belanghebbers kan wees. Indien die transaksie met HSBC egter om een of ander rede nie sou voortgaan nie, bly die groep se visie, strategie en groeivooruitsigte steeds geloofwaardig.'

Die direksie het Credit Suisse as onafhanklike adviseur aangestel om te help verseker dat die belange van belanghebbers beskerm word.

Brown het benadruk dat daar 'n aantal aspekte in die voorgestelde transaksie is wat aandag moet geniet en dat daar geen sekerheid kan wees dat die voorstel sal voortgaan totdat dié sake opgelos is nie.

Ons verbintenis aan u

Ons is daartoe verbind om op u bankbehoeftes te bly fokus. Met dié doel voor oë het ons 'n toegewyde projekspan aangestel om die proses saam met HSBC te bestuur, wat sal verseker dat u bestaande kliëntedienskanale nie deur die voorgestelde transaksie geraak word nie, en bly ons gevolglik daarop gerig om u te voorsien van die hoogste standaard diens waarna ons streef. Ons onderneem ook om belanghebbers gepas op die hoogte te hou van ontwikkelings met betrekking tot die transaksie, na gelang dit ontvou.

Vriendelike groete

Mike Brown
Hoof Uitvoerende Beampte
Nedbank Groep Beperk

Inligting oor HSBC

HSBC is die nommer een globale bankhandelsnaam en is een van die top vier globale banke (aan bates gemeet) met 'n markkapitalisasie van $170 biljoen (R1,3 triljoen). Hy het sowat 8 000 kantore in 87 lande, insluitende Europa, Hongkong, die res van die Asië-Stille Oseaan-gebied, die Midde-Ooste, Noord-Amerika en Latyns-Amerika. Deur 'n internasionale netwerk wat deur gevorderde tegnologie gekoppel is, wat 'n vinnig groeiende e-handelvermoë insluit, bied HSBC 'n omvattende reeks finansiële dienste: persoonlike finansiële dienste; handelsbankdienste; korporatiewe en beleggingsbankdienste en -markte; privaat bankdienste; en ander werksaamhede. HSBC het onlangs verslag gedoen van eerste-helfte-verdienste van $6,8 biljoen (R50 biljoen), met totale bates van $2,4 triljoen (R17,6 triljoen), met meer as 60% van die wins voor belasting komende van ontluikende markte, en 'n stewige kern-Vlak 1-kapitaaltoereikendheidsverhouding van 9,9% en 'n totale kapitaaltoereikendheidsverhouding van 14,4%.